Wat gebeur as ek nie die verwysingsproses wil volg nie of as die kliniek of hospitaal wat ek verkies nie by die NGV aansluit nie?

Jy sal steeds toegang hê tot die kliniek of hospitaal van jou keuse. Indien jy behandeling ontvang van 'n fasiliteit wat nie by die NGV geregistreer is nie of jy nie die verwysingsproses wil volg nie, sal die NGV nie jou uitgawes dek nie. Dit sal beteken dat jy kontant of uit jou sak uit sal moet betaal vir die dienste wat die fasiliteit gelewer het.

Sal ek meer belasting moet betaal vir NGV?

Aanvanklik sal daar geen nuwe belasting vir NGV wees nie. Die regering sal die fondse wat reeds in die regering-sektor bestaan bymekaar sit om die NGV te begin. Wanneer die NGV begin werk, sal die Nasionale Tesorie 'n werkbare plan daar stel om die geld in die openbare begroting vir NGV te oormerk.

Wat gaan gebeur tussen nou en wanneer die NGV begin funksioneer?

Voor NGV 'n Wet kan word, moet die Wetskonsep deur die Parlement goedgekeur word. Gedurende die volgende vyf jaar sal die infrastruktuur vir die administrasie van die fonds en diensverskaffing voorberei word. Die regering sal die herstelling van klinieke en hospitale prioritiseer, meer gesondheidswerkers oplei en aanstel, die kwaliteit van sorg verbeter, sisteme implementeer om te verseker dat daar nie 'n tekort aan medisyne is nie en wanadministrasie en korrupsie uitroei, sodat fasiliteite gereed is vir NGV.

Wat is NGV?

NGV gaan oor Ubuntu – ons almal sorg vir mekaar as 'n nasie gedurende tye van nood. NGV is Suid-Afrika se manier om hoë gehalte gesondheidsorg aan almal te bied.

THE PRESIDENCY
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP

Hoe sal NGV werk?

Die NGV sal gehalte gesondheidsorg namens die mense van Suid-Afrika koop. Hierdie dienste sal gelewer word deur professionele gesondheidswerkers en diensverskaffers in staats- en private gesondheidsfasiliteite, wat die twee sfere sal integreer in een gesondheidstelsel wat in die behoeftes van alle Suid-Afrikaners sal voldoen.

NGV sal verskeie staats- en private gesondheidsfondse in een fonds kombineer, wat vir almal sal betaal wanneer hulle toegang tot gesondheidsorg nodig het. Die grootte van die fonds sal verseker dat die koste van gesondheidsorg verlaag word.

Sal ek nou gratis gesondheidsorg ontvang?

Wanneer jy 'n verpleegkundige of dokter besoek sal hulle jou ondersoek en besluit of jy 'n spesialis nodig het. Jy sal die sorg wat jy nodig het kry op die vlak van sorg wat jy nodig het. Jy sal saam met jou gesondheidswerkers besluite kan neem oor jou gesondheid en hulle sal jou lei deur die verwysingsproses.

Indien jy 'n NGV-fasiliteit besoek en die korrekte verwysingsproses volg, sal jy nooit enige kontant of mediese fonds bydrae hoef te betaal nie.

Wie sal deur die NGV gedek word?

Elke Suid-Afrikaanse burger, permanente inwoner, vlugteling en gevangene sal by die NGV kan registreer. Alle kinders wat in Suid-Afrika gebore word en woon sal vir NGV kwalifiseer. Alle ander mense sal kwalifiseer vir behandeling gedurende noodgevalle en vir siektes wat uitbrake kan veroorsaak (lede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag sal 'n aparte fonds hê).

Wat sal gebeur met mediese fondse?

Mediese fondse sal steeds bestaan, maar sal nie dekking kan bied vir dieselfde dienste as die NGV nie.

Ek het 'n mediese fonds, maar ek wil nie in rye wag om in 'n vuil staatshospitaal gesien te word nie. Kan die NGV waarborg dat ek dieselfde standaard van sorg sal kry as ek my mediese fonds stop?

Die regering sal fasiliteite opgradeer en verseker dat daar geen verskil tussen staats- en private fasiliteite is nie. Alle NGV fasiliteite sal dieselfde standaarde handhaaf omdat hulle die reëls van die Kantoor vir die Voldoening aan Gesondheid Standaarde sal moet volg om deel van die NGV te word. Die doel is om te verseker dat die rye verminder word en fasiliteite skoon is en veilige gesondheidsorg bied.

Hoe kan ek deel word van die NGV?

Jy kan jouself en jou familie vir NGV registreer by jou naaste dokter of kliniek.